
# Bisar, maar insiggewend

Op 21 besluit Wilde Willemien om 'soveel chemikalieë of plante moontlik in te neem om (haar) pineale klier oop te skiet, om onder haar pa se beheer uit te kom'. **WILLIE BURGER** skryf oor *Die heelal op my tong*.

As jy 'n boek wil lees wat jou om die beurt laat lag en huil, jou in ongeloof jou kop laat skud, jou na jou foon laat gryp om ongeloofwaardige feite te google en te vind dit ís inderdaad so, alles terwyl jy jou naels kou en wonder wat nóg met een mens kan gebeur, is *Die heelal op my tong* die boek vir jou.




## Wen

Wen 'n eksemplaar van *Die heelal op my tong* deur Anoeschka von Meck, uitgegee deur Penguin. Stuur jou naam, van en kontakbesonderhede met HEELAL in die onderwerpveld na plus50@plus50.co.za voor 10 Julie.

Anoeschka von Meck se werk is uiteenlopend. Die meeste lesers ken haar *Vaselinetjie*, 'n roman wat nie alleen verskeie pryse ontvang het nie maar ook ongekende verkoopsyfers gehad het. Boonop is *Vaselinetjie* tot rolprent verwerk en ook die rolprent het pryse verower. Vóór *Vaselinetjie* het sy met *Annerkant die langdrop* (1997) gedebuteer.

Haar jongste werk, *Die heelal op my tong*, is van 'n ander aard. Voorin beskryf sy dit as "bisaro-fiksie". Bisaro-fiksie bevat elemente van die absurde, groteske, surrealistiese en satiriese, maar is terselfdertyd hoogs vermaaklik. Dit sluit ook aan by populêre fiksie – vertellings wat 'n baie sterk emosionele reaksie van verwondering, verskrikking, lag of trane, spanning of erotiese stimulering by die leser ontlok. Bisaro-fiksie het 'n verrassend vreemde kant omdat die fokus val op buitestanders, op die nie-gewone, die nie-normale (wat ook al met gewoon en normaal bedoel word). Hierdie beskrywing pas die roman.

*Die heelal op my tong* bevat ook baie outobiografiese elemente en word opgedra aan die outeur se pa, Vloog Theron. In die 1980's was Theron by verskeie beleggings- en rykwordskemas betrokke voordat hy landuit gevlug het en later in die VSA ook vervolg is weens allerlei verdagte geldmaakskemas.

Die outobiografiese vertelling word soms in die styl van 'n wilde misdaadriller met bendes, internasionale swendelaars en korrupte polisiemanne aangebied. Die skokkende is egter dat 'n mens die indruk kry dat die vertelling nie die cliché van hierdie genre se formules volg nie, maar dat dit eerder presies die waarheid kan wees! Al is dit absurd. Die flambojante leefstyl van haar pa word as die cliché van die rampokkerwêrelduitbeelding voorgehou.

Die ek-verteller in die roman verwys na haarself as Wilde Willemien. Sy word as laerskoolkind reeds ontvoer, beleef jaagtogte deur Kaapstadse strate waartydens wild en wakker geskiet word, en moet in die kar se kattebak wegkruip terwyl haar pa transaksies beklink. Dit is egter ook die droewige vertelling van 'n eensame, verwaarloosde kind wat troos slegs in kos kan vind en wat gevolglik 'n ongesonde verhouding met kos ontwikkel. Die skrikwekkende gebeurtenisse word egter met soveel humor aangebied dat dit 'n mens tegelyk verbaas, verstom, verbyster, bedroef maar ook laat lag.

Die boek gaan oor eetversteurings – om die beurt anoreksie en obesiteit – oor ander mense se reaksie daarop, maar ook die selfbeeld van die obese persoon. Dit gaan oor geweld, nie alleen in die gemeenskap waar mense dwelms smokkel en bendegeweld pleeg nie, maar ook geweld binne die huwelik; oor hoekom mense in sulke verhoudings bly. Dit gaan oor verslawing – fisieke en psigiese verslawing – en rehabilitasie (uiteenlopende soorte rehabilitasie, soms snaaks, soms skokkend). Dit bied insig en begrip of laat

mens ten minste met meer deernis nadink.

Die verhaal word slim vertel. Aan die een kant is dit die vertelling van Willemien en haar suster "Precious Cargo" wat 'n reis langs die Weskus op na die Richtersveld onderneem. Hulle pa het in daardie dele van die land grootgeword, maar Precious Cargo wat uit Amerika kom, ken nie haar pa se agtergrond nie. Hulle is oor tyd heen van mekaar vervreem en verskil ook baie van mekaar, maar is al twee emosioneel geskaad deur hul bisarre grootwordjare. Hulle reis om mekaar te leer ken, om hulle kennis oor hulle pa te deel en op 'n manier afskeid van hulle pa te neem. Willemien vertel haar van haar wedervarings, en op die manier word heen en weer in tyd gespring en geleidelik ontvou die hele verhaal van emosionele verwaarlosing en die verwoestende gevolge.

Soos die titel aandui, gaan *Die heelal op my tong* ook oor die krag van woorde, oor hoe ons ons wêreld, ons bestaan en ons identiteit met taal skep, maar ook oor die krag van woorde om seer te maak en te vergiftig. Woorde, vertellings, kan die lewe draaglik maak, maar ook ondraaglik.

Die roman is in 'n sekere sin ook 'n grootwordroman – 'n kind wat grootword met 'n lewe van avontuur en opwinding, afgewissel met emosionele verwerping en onsekerheid, vrees en depressie, 'n lewe waarin kos die enigste konstante is: "Niks verander jou lewe en hoe jy oor jouself voel so vinnig soos om op te hou eet nie. Die hongerpyne verdoof die ánder pyn" en "elke ongewenste kilogram wat mens aan jou gebeente dra, (verteenwoordig) 'n kilogram smart in jou".

Dis bisar, vreemd, vermaaklik, droef, maar ook baie insiggewend.



**Willie Burger** is professor in literatuurstudie aan UP.

# Stil-stil doen dié skryfkring sy ding

Dit is toe nie so moeilik om jou skryfwerk uit te gee nie. Vra maar vir die Stilbaai-skryfkring wat al heelwat sukses in dié opsig behaal het.

*Die tyd stap aan* is die Stilbaai-skryfkring se agste en jongste bundel kortverhale, essays en gedigte wat einde verlede jaar verskyn het – 'n publikasie in samewerking met Naledi.

Sedert 2000 met die eerste publikasie, *Onder een hoed*, word die voorafgaande drie jaar se skryfoes gebundel en die wins uit die opbrengs van verkope aan plaaslike liefdadigheidsorganisasies geskenk.


Die jongste bundel bevat bydraes deur Alet Scheepers, Ann Hiemstra, Wessel Bester, Linda Meyer, Helena le Roux, Colleen Cerutti, Bonnita Davidtsz, Koosie Delport, Reinette Anastagi, Gustav Radloff, Carol Malan, Helen Burger, Tienie Holtzhauzen, Marianne Collen, Karel Nel, Rina Liebenberg, Pieter van Niekerk, Frieda Esterhuizen, Bea Badenhorst, Esther Sheffer, Ebeth Smith, Marie Cronje en Wilna Meyer.

Twee lede van die skryfkring, Marianne Collen en Ann Hiemstra, het reeds suksesvol by onderskeidelik Naledi en Hemel-en-see-uitgewers gepubliseer.

"Die eerste byeenkoms van die skryfkring was in 1994 toe vier van ons wat nog altyd wou skryf saamgekom het," sê Collen wat steeds aktief lid van die Stilbaai-skryfkring is.

Die skryfkring het nou 26 lede, die oudste van hulle 94, wat maandeliks vergader en hoewel daar lank net vrouelede was, is daar nou ook ses mans wat 'n nuwe siening en segging na die skryfkring bring.

Die voorsitter, Pieter van Niekerk, sê die skryfkring ontmoet maandeliks. "Drie skrywers, volgens die jaarprogram, dien vooraf 'n storie met 'n spesifieke onderwerp en genre in vir kritiek/kommentaar. Ons noem dit vergrootglasstories. Die res van die kring skryf oor dieselfde onderwerp en elke skrywer lees sy of haar storie dan voor aan almal vir kommentaar."



*Die tyd stap aan* kos R100 en is beskikbaar by Gustav Radloff by gustavradloff@gmail.com.